

# Die Evangelie

# volgens Markus

## Hoofstuk 8

**Die tweede vermeerdering van die brood**

**(Matt. 15:32-39)**

1 In daardie selfde tyd was daar weer 'n keer 'n groot menigte mense by Jesus, en
hulle het niks gehad om te eet nie. Hy roep toe sy dissipels nader en sê vir hulle:
2“Ek kry hierdie mense innig jammer, want hulle is nou al drie dae lank hier by My en
hulle het niks om te eet nie. 3 As Ek hulle nou sonder kos huis toe stuur, sal hulle
langs die pad beswyk. Party van hulle kom van ver af.”
4 Maar die dissipels sê vir Hom: “Waar sal 'n mens in hierdie verlatenheid genoeg
brood vir hulle kan kry?”
5 Hy vra hulle toe: “Hoeveel brood het julle?”
“Sewe,” antwoord hulle.
6 Toe gee Hy die mense bevel om op die grond te gaan sit. Nadat Hy die sewe brode
geneem en God gedank het, het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee om uit te
deel, en hulle het dit aan die mense voorgesit. 7 Hulle het ook 'n paar vissies gehad;
en nadat Hy die seën gevra het, het Hy gesê hulle moet dit ook uitdeel. 8 Die mense
het geëet en genoeg gekry. En hulle het nog sewe mandjies vol bymekaargemaak
van die stukke wat oorgebly het. 9 Daar was omtrent vier duisend mense. Daarna het
Hy hulle huis toe gestuur.
10 Hy het toe dadelik saam met sy dissipels in die skuit geklim en na die gebied
Dalmanuta toe gegaan.

**Die Fariseërs vra 'n wonderteken uit die hemel**

**(Matt. 16:1-4)**

11 Daar kom toe Fariseërs wat met Jesus begin redeneer. Om Hom op die proef te
stel, wou hulle van Hom 'n wonderteken uit die hemel hê. 12 Hy het diep gesug en
gesê: “Waarom wil hierdie geslag 'n teken hê? Dit verseker Ek julle: Aan hierdie
geslag sal beslis nie 'n teken gegee word nie.”
13 Hy het hulle daar laat staan, weer in die skuit geklim en na die oorkant van die see
toe gegaan.

**Die suurdeeg van die Fariseërs en van Herodes**
**(Matt. 16:5-12)**

14 Die dissipels het vergeet om brood saam te vat; hulle het net een by hulle in die
skuit gehad. 15 Jesus het hulle toe gewaarsku: “Pas op, wees op julle hoede vir die
suurdeeg van die Fariseërs en die suurdeeg van Herodes.”
16 Hulle het toe vir mekaar gesê dit is omdat hulle nie brood het nie. 17 Toe Jesus dit
hoor, sê Hy vir hulle: “Waarom praat julle daaroor dat julle nie brood het nie? Begryp
en verstaan julle nog nie? Is julle nog steeds so traag van begrip? 18 Julle wat oë het,
sien julle dan nie? Julle wat ore het, hoor julle dan nie? Onthou julle nie, 19 toe Ek die
vyf brode vir die vyf duisend gebreek het, hoeveel mandjies vol stukke brood julle
oorgehou het nie?”
“Twaalf,” sê hulle vir Hom.
20 “En sewe brode vir die vier duisend, hoeveel mandjies vol stukke het julle toe
oorgehou?”
“Sewe,” sê hulle vir Hom.
21 Toe sê Hy vir hulle: “Verstaan julle dan nog nie?”

**Jesus genees ‘n blinde man in Betsaida**

22 Hulle het in Betsaida aangekom, en toe bring die mense 'n blinde man na Jesus
toe en vra Hom om hom aan te raak. 23 Hy het die blinde man aan die hand gevat en
hom uit die dorp uit gelei. Toe het Hy op sy oë gespoeg, sy hande daarop gesit en
vir hom gevra: “Sien jy al iets?”
24 Hy het sy oë geknip en gesê: “Ek sien mense, iets soos bome. Ek sien hulle loop.”
25 Daarna het Jesus weer sy hande op sy oë gesit. Die man het sy oë oopgemaak,
en hulle was reg. Hy het alles duidelik gesien. 26 Jesus het hom huis toe gestuur en
gesê: “Moenie by die dorp aangaan nie.”

**Die belydenis van Petrus**

**(Matt. 16:13-20; Luk. 9:18-21; Joh. 6:66-71)**

27 Daarna het Jesus en sy dissipels na die dorpies naby Sesarea-Filippi gegaan. Langs die pad het Hy vir die dissipels gevra: "Wie, sê die mense, is Ek?"

28 Hulle antwoord Hom: "Johannes die Doper, party sê weer Elia, en party een van die profete."

29 "Maar julle," vra Hy hulle, "wie, sê julle, is Ek?"

Petrus antwoord Hom: "U is die Christus!"

30 Toe belet Hy hulle om dit vir iemand anders te vertel.

**Jesus kondig die eerste keer sy dood en opstanding aan**

**(Matt. 16:21-23; Luk. 9:22)**

31 Jesus het hulle toe begin leer dat die Seun van die mens baie moet ly, dat Hy deur
die familiehoofde en die priesterhoofde en die skrifgeleerdes verwerp moet word en
doodgemaak moet word, en drie dae later moet opstaan. 32 Hy het met hulle hieroor
reguit gepraat. Toe het Petrus Hom opsy geneem en Hom begin berispe. 33 Hy het
egter omgedraai, na sy dissipels gekyk en vir Petrus berispe.

"Moenie in my pad staan nie, Satan," het Hy gesê, "want jy dink nie aan wat God wil hê nie maar aan wat die mense wil hê."

**Om Jesus te volg**

**(Matt. 16:24-28; Luk. 9:23-27)**

34 Jesus het toe die menigte mense saam met sy dissipels nader geroep en vir hulle
gesê: "As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem
en My volg, 35 want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor; maar wie sy
lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou. 36 Wat help dit 'n mens tog om die
hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor? 37 Wat sal 'n mens kan gee in
ruil vir sy lewe? 38 Wie hom dan vir My en my woorde skaam te midde van hierdie
ontroue en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam
wanneer Hy kom saam met die heilige engele, en beklee is met dieselfde heerlikheid
as sy Vader."

## Kommentaar volgens Bybel in Praktyk

### 8:1

Die tweede vermeerdering van die brood. Hierdie is nie dieselfde wonderwerk as die een wat in Markus 6 beskryf word nie. Die 5 000 mense wat Jesus in Markus 6 kos gegee het, was hoofsaaklik Jode. Nou was Hy besig om in Dekapolis. die heidense gebied van die Tien Stede, onder die nie-Jode te werk. Talle nie-Jode het begin aandag gee aan sy werk en boodskap. Na drie dae se honger of karige voeding wou Jesus nie die mense so huis toe stuur nie. Daarom die brood vermeerdering wat die skare s6 gevoed het dat nog sewe mandjies stukke bymekaar gemaak is. Die gevolg van die wonder is dat Jesus die krag van God ook onder die nie-Jode sigbaar gemaak het.

### 8:11

Die Fariseërs het in die verlede probeer om Jesus se wonderwerke aan geluk. toeval of bose magte toe te skryf. Daarom wou hulle 'n teken uit die hemel sien om te bewys dat Jesus se dade en aansprake eg is, want dit was iets wat slegs van God self sou kon kom. Jesus het geweier om dit te laat gebeur, want Hy het geweet dat hulle nie eers deur 'n teken uit die hemel oortuig sou word nie. Hulle het klaar besluit om nie te glo nie. 'n Mens se hart kan s6 hard word, dat jy nie eers deur feite en bewyse oortuig kan word nie. 'n Teken is eintlik iets wat gebeur as bewys van wat iemand gesê het. Dié teken moet in die hemel plaasvind as bewys dat Jesus van God af kom.

### 8:15-21

In hierdie Skrifgedeelte is suurdeeg simbool van die Bose en verderf. Net soos wat 'n klein bietjie suurdeeg 'n hele baksel brood kan laat rys. was die hardvogtigheid en bose ingesteldheid van die Fariseërs en Herodes ook genoeg om die hele gemeenskap te besoedel en teen Jesus op te sweep, en uiteindelik om Hom dood te maak.

### 8:15

Markus praat van "die suurdeeg van die Fariseërs en die suurdeeg van Herodes", terwyl Matteus weer na die suurdeeg van die Fariseërs en die Sadduseërs verwys. Markus se lesers was hoofsaaklik nie-Jode en hulle sou goed van Herodes geweet

het, maar nie noodwendig van die Sadduseërs, 'n Joodse godsdienstige groep nie. Daarom het Markus Jesus se woorde s6 verduidelik dat sy lesers dit almal sou verstaan. Sy verwysing na koning Herodes is eintlik 'n verwysing na die Herodiane, 'n groep Jode wat Herodes gesteun het. Baie van die Herodiane was moontlik ook Sadduseërs.

### 8:17-18

Die vraag bly by 'n mens vassteek hoe die dissipels soveel van Jesus se wonders kon sien en nog steeds nie sy identiteit agterkom nie. Jesus se menswording as Seun van God is die teken van die teenwoordigheid van die koninkryk van God wat deurgebreek het. 8:25 Jesus genees die blinde man in Betsaida op s6 'n wyse dat 'n persoonlike band tussen hom en Jesus ontstaan. Die genesing geskied in fases: eers sien die man gedeeltelik en later volkome.

### 8:27

Sesarea-Filippi was berug vir die heidense gebruike wat daar hoogty gevier het. Die inwoners het die Griekse gode en ook die oeroue afgod Baal daar aanbid. Herodes Filippus, van wie ons in 6:17-18 lees, het die stad se naam van Sesarea na Sesarea-Filippi (die Sesarea van Filippus) verander, sodat dit nie verwar sou word met die hawestad Sesarea nie (Hand 8:40), wat weer die hoofstad was van die gebied wat deur sy broer. Herodes Antipas, geregeer is. Dit was gepas dat Jesus in hierdie stad met al sy afgode vir die dissipels sou vra om te erken dat Hy die Seun van God is. Sy dissipels moes Hom as die Messias erken. Vervolgens sou Jesus aan hulle toon dat Hy die lydende Messias is.

### 8:28

Die verhaal van Johannes die Doper word vertel in Markus 1:1-11 en 6:14-29. Die verhaal oor Elia word weer vertel in 1 Konings 17-20 en 2 Konings 1, 2. Die mense het die figuur Elia of ander profete verwag as voorlopers van die Messias. Daarom is Hy ook met Johannes die Doper verwar.

### 8:29

Jesus het eers vir die dissipels gevra: "Wie, sê die mense, is Ek?" Toe rig Hy die vraag aan hulle: "Maar julle ...wie, sê julle. is Ek?" Dit is nie genoeg om net te weet

wat ander mense van Jesus sê nie. Ons moet sélf weet. verstaan en aanvaar dat Hy die Messias is. Ons moet nie slegs nuuskierig wees of Hom bewonder nie. Nee, ons moet Hom aanbid en ons aan Hom toewy. Deur sy ware identiteit as die Messias, die Seun van God te aanvaar, verkry elkeen wat glo, verlossing

### 8:30

Hoekom het Jesus sy dissipels gewaarsku om nie vir enigiemand die waarheid omtrent Hom te vertel nie? Hy het geweet dat hulle nog meer moes leer omtrent die werk wat Hy nog deur sy dood en opstanding moes doen. Sonder daardie kennis sou die dissipels net die helfte van die verhaal ken. Hulle het nog nie presies geweet waarom dit gaan nie, hoewel hulle reeds getuig het dat Jesus die Christus was. Daar het ook soveel verwarrende verwagtings oor die figuur van die Messias bestaan dat Jesus nie sy verdere werk wou belemmer nie.

### 8:31

Van hier af sien ons dat Jesus reguit en op die man af met sy dissipels praat oor sy dood en opstanding. Hy het begin om hulle voor te berei op al die dinge wat met Hom sou gebeur. Daarom het Hy drie keer vir hulle gesê dat Hy binnekort sou sterf (Mark 8:31; 9:31; 10:33,34) maar weer sou opstaan.

### 8:32-33

Petrus het nie op hierdie oomblik aan God se doel en plan gedink nie, maar net aan sy eie menslike emosies en begeertes. Hy wou hê dat Christus die Koning moes wees, nie die dienaar wat ly, soos daar in Jesaja 53 voorspel is nie. Hy wou slegs deel hê aan die heerlikheid van dissipelskap, en het nog nie die volle betekenis van lyding en vervolging wat dissipelskap sou meebring, verstaan nie. 8:33 Die dissipels kon net nie aanvaar dat Jesus as Messias moes ly nie. Petrus het dus ook maar soos die mense gedink. Petrus was dikwels die segsman vir die dissipels. Jesus het hom wel aangespreek, maar wou moontlik daardeur met hulle almal praat. Die dissipels het onbewustelik uit eie oorwegings vir Jesus probeer verhinder om die lydenspad na die kruis te loop, en dit was immers sy groot taak op aarde. Satan het Hom ook probeer verhinder (Matt4). Waar die Satan se motiewe boos was, is die dissipels aan gespoor deur hulle menslike liefde en bewondering vir Jesus. Hulle was egter nie veronderstel om Hom te lei en te beskerm nie, maar slegs om Hom te

volg. Hulle sou eers na Jesus se dood en opstanding begryp hoekom dit vir Hom nodig was om te sterf. Die mense wou 'n triomferende Messias hê, nie 'n lydende een nie. God het egter sy Seun gestuur om deur lyding en dood heen verlossing vir die mens te bewerk.

### 8:34

Die Romeine, aan wie Markus hierdie Evangelie oorspronklik gerig het, het geweet wat dit beteken om 'n kruis te dra. Die Romeinse owerheid het gevaarlike nie-Romeinse misdadigers tereggestel deur hulle aan 'n kruis te laat sterf. Die veroordeelde moes ook nog die dwarsbalk van die kruis na die kruisigingsplek toe dra om te bewys dat hy hom aan die Romeinse owerheid onderwerp.

Jesus het die beeld van die kruis gebruik om duidelik aan te toon dat Hy met volkome oorgawe gevolg moet word. Hy is nie teen plesier gekant nie en Hy sê ook nie dat ons onnodig na pyn moet soek nie. Nee, Hy praat hiervan die moed wat dit verg om Hom elke oomblik van die lewe te volg en sy wil te doen, selfs al lyk die hede en toekoms duister en al is dit moeilik.

### 8:35

Om 'n mens se lewe vir die evangelie te "verloor", beteken nie dat jou lewe niks werd is nie. Nee, dit beteken dat daar niks is- nie eers die lewe self-wat kan vergelyk met dit wat Christus ons bied nie. Slegs die gene wat gewillig is om hulle self te verloor, selfs deur 'n kruisdood, is geskik om Jesus te volg, omdat hulle verstaan wat self prysgawe werklik beteken. Jesus wil hê ons moet Hom volg; dat ons dit in die plek van 'n lewe van sonde en selfbevrediging moet kies. Hy wil hê ons moet ophou om ons tewens selfstandig te probeer beheer en die bestuur aan Hom oorlaat. Dit is 'n verstandige besluit, want God is die Skepper van alle dinge en ook die Herskepper deur Christus en dus die enigste Een wat regtig weet wat die lewe waarlik behels. Hy vra volkome oorgawe; Hy vra nié dat ons onsself moet haat nie. Hy vra net dat ons ontslae moet raak van die self gesentreerde oortuiging dat ons beter as God weet hoe om te lewe. Om die Here Jesus te volg, beteken om sy voetstappe te ken en om daarin te volg deur woord en daad. 8:36-37 Daar is baie mense wat dwarsdeur hulle lewe net op soek is na genot en plesier. Volgens Jesus is alle plesier wat slegs te doen het met materiële dinge, besittings, posisie en mag nie van dieper waarde nie.

Alles wat ons op aarde het of geniet, is relatief en tydelik. As ons hard werk om net oppervlakkige dinge te bekom, loop ons gevaar om uit eindelike ontdek dat die lewe leeg en sinneloos is. Volg Jesus, dan sal jy uitvind wat dit beteken om volkome hier op aarde te lewe.

### 8:38

Jesus se perspektiewe is herhaaldelik die teenoorgestelde van die sondige wêreld se standpunte. Ons sien dit duidelik wanneer Hy praat van behou en verloor, van aflê en vind. Hier stel Hy ons voor 'n keuse: Almal wat in hierdie lewe te skaam is om Hom te volg, sal Hom op die oordeelsdag sien, maar dan sal dit te laat wees. Diegene wat Hom nou reeds duidelik sien en aanvaar. sal nié met die oordeel deur Hom verwerp word nie. omdat hulle reeds geoordeel is: Wie die Seun het, het reeds die lewe!